# Romeine 14

## Wanneer moet ons mekaar se standpunte verdra

**24 September 2014**

**Inleiding**

Geliefdes die tema waaroor'it nou gaan is:

**Wanneer moet ons mekaar se standpunte verdra?**

*Toepassing*

En dan gaan dit sekerlik ook oor die vraag
of ons verdraagsaam moet wees
tov verskillende standpunte rakende die ouderling-amp.

En dan moet ek vanuit ***Rom 14*** oor hierdie tema praat.

* * * * *

Nou hoe gaan ek'it doen?

*Verduidelik*

Wel heel eerste wil ek sê
dat ek biddend nederig gaan probeer
om ***Rom 14*** oop te maak.
So ***Rom 14*** gaan met ons besig wees.

En dan gaan ons met die volgende punte deur ***Rom 14*** werk.

- Ons gaan kyk na die plek van ***Rom 14*** in die Romeine-brief
- Ons gaan vanuit ***vers 1-2*** en ***vers 5*** meer leer
  oor'ie situasie in ***Rom 14***.
- Ons gaan kyk na die opdrag in ***vers 1***
  dat ons mekaar moet aanneem.
- En dan gaan ons in die res van ***Rom 14*** stilstaan by die grenslyne
  waarbinne ons mekaar moet aanneem.
- Heel laaste maak ek 'n paar toepassings op'ie ouderling-amp-issue.

**1.** So   ons begin by **die plek van *Rom 14* in'ie Romeine-brief**.

En ek gaan nou regtig baie kort wees.

Ek dink ons kan sê    dat dit in ***Rom 1-11*** gaan
oor hoe ons uit genade alleen
deur'ie geloof alleen *in Christus* alleen
regverdig voor God kan staan.[1]

In ***Rom 12-16*** gaan'it
oor hoe hierdie wonderlike werklikheid
ons lewens hier-en-nou radikaal anders maak.

*Verduidelik*
Waar ons te vore gehaat het
en selfgesentreerd vir ons self geleef het
moet alles nou nuut word    Godgesentreerd word.[2]

En kom ons dan by ***Rom 14*** gaan'it
oor'ie nuwe manier van verskille hanteer.
Dit gaan oor hoe ons as nuwe mense *in Christus*
mekaar moet aanneem/verdra
sodat ons verskille nie die eenheid in Christus verwoes nie.[3]

*Oorgang*
En dat daar verskille in'ie Kerk van Rome was  is verseker so.
Ons sien'it as ***vers 3-4*** vertel van veragting   verkleinering
en veroordeling van mekaar.

**2.** En dis ons tweede punt:
**Die situasie in die kerk van Rome.**
En ons leer daaroor uit ***Rom 14:1-2*** en ***vers 5***.

1 Vgl Kanoniek Romeine.doc bl 3-4; Rom 3:21-5:21.
2 Vgl Moo se Rom komm bl 745; Reformation study Bible bl 1611; Jonker se Rom komm bl 164
3 Vgl Reformation study Bible bl 1637-1639; Moo se Rom komm bl 826, 833; Jonker se Rom komm bl 178-179

**A.** Kom ons kyk eers na ***vers 1.*** Paulus sê:
*"En neem hom aan **wat swak is in die geloof** ..."*
En lees ons aan na Rom 15:1 hoor ons van 'n tweede groep.
Want Paulus praat daar van: *"**ons wat sterk is**"*

So dis'ie situasie?
Twee teenoorstaande groepe in'ie Kerk in Rome.
**Swakkes** en **Sterkes**.

*Opmerking*
Maar wie's hulle?
Wat dink-en-doen hulle? Hoe leef hulle?

Wel hieroor leer ons meer
as ons van ***vers 1*** na ***vers 2*** toe gaan.

In ***vers 2*** sê Paulus:
*"Die een (dis'ie sterkes[4]) glo dat 'n mens alles mag eet,*
*maar hy wat swak is, eet groente."*

**B.** Kom ons fokus eers op die sterkes.
Hulle *"**glo** dat 'n mens alles mag eet ..."*

En nou's hierdie ***glo*** van'ie sterkes belangrik.
Want in'ie Romeine-brief is geloof altyd geloof in Jesus Christus.[5]

*Verduidelik*
- Dis geloof wat besef dat ek regverdig kan staan voor God
  net as ek uit genade alleen deur die geloof in Christus ingelyf is.[6]

- Dis geloof wat besef dat ek alleen *in Christus*

4 So noem Paulus hulle in Rom 15:1 (Vgl Jonker se Rom komm bl 180).
5 Vgl Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 587; Ridderbos se Rom komm bl 304
6 Rom 3:21-8:39

‘n nuwe lewe vir God kan leef.[7]

- Dis ook hierdie geloof wat *in Christus* groei in geloofskennis en geloofsoortuiging.[8]

Ook in die geloofskennis-en-oortuiging waarvan Paulus praat
as hy in ***Rom 14:14*** sê:
*“Ek weet en is (gelowig) oortuig in die Here Jesus*
*dat niks (ook geen kos) op sigself onrein is nie ...”*

*Verduidelik*
So die sterkes wat alles eet
het dieselfde geloofskennis-en-oortuiging van Paulus
as hy in ***Rom 14:14*** sê:
*“Ek ... is oortuig in die Here Jesus*
*dat niks op sigself onrein is nie ...”*

Hoekom? Wel omdat Paulus en die sterkes in Rome
leef met die geloofskennis-en-oortuiging
dat die OT se rein-en-onrein-kos-wette
*“’n skaduwee (of heenwysing*[9]*) is van die toekomstige dinge;*
*maar die liggaam behoort aan Christus.”*

Of ons kan ook sê:
Die vervulling van daardie heenwysende-wette is Christus.[10]
Soos ons bv hoor in Kol 2:16-17.

* * * * *

7 Rom 6-8; vgl ook Greek grammer beyond basics bl 217-218; Greijdanus se Romm komm vol 2 bl 585; Moo se Rom komm bl 836; Jonker se Rom komm bl 179; TDNT vol 6 bl 217

8 Vers 23: ο δε διακρινομενος εαν φαγη κατακεκριται οτι ουκ εκ πιστεως παν δε ο ουκ εκ πιστεως αμαρτια εστιν – ο διακρινομενος het die betekenis van ‘die wat met homself in stryd is’ of ‘die wat twyfel’ (Baljon bl 218). Dit gebeur wanneer ek iets doen nie vanuit die geloof nie. Hierdie geloof is die geloof wat my aan Christus bind. Hierdie geloof word ook die kanaal/ bron waarlangs my nuwe lewe in Christus ‘n werklikheid word (vgl Gal 5:6), en waarin ek nuut leef. Hierdie geloof maak dat ek ten volle oortuig is, en nie twyfel nie, dat wat ek doen in lyn is met my verbintenis aan Christus en sy wil as my Koning soos Hy dit openbaar in sy Woord (Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 615; Ridderbos se Rom komm bl 318; Jonker se Rom komm bl 186; Haldane se Rom bl 608; Calvyn se Rom komm bl 513).

9 Vgl Bybel met verklarende aantekeninge, vol 3 bl 577

10 Vgl Bybel met verklarende aantekeninge, vol 3 bl 577

So die sterkes het die geloofskennis gehad
dat Christus se verlossingswerk die heenwysende-OT-wette vervul het.[11]
En dat Christus ons nou ***vryheid*** gee om alles te eet.[12]

En dan het hulle ook
met geloofsoortuiging hierdie vryheid uit geleef.

Daarom dat ***vers 2*** sê
dat die sterkes *"**glo** dat 'n mens alles mag eet ..."*

* * * * *

**C.** So was'it ook met al'ie OT-feesdae
waarvan ons hoor in ***vers 5***.

Die sterkes het die geloofskennis-en-oortuiging gehad
dat al'ie OT-feesdae in Christus vervul is.[13]

*Bewys*
Daarom dat ***vers 5*** sê dat hulle *"al die dae gelyk ag."*

* * * * *

So sien u?
Die sterkes in Rome het die geloofskennis
dat ons nou ***vry*** is om te eet wat ons wil.
En dat ons ***bevry*** is van die onderhouding van al'ie OT-feesdae.
En met geloofsoortuiging leef hulle hierdie vryheid uit.

* * * * *

**D.** Maar dis'ie al wat in die kerk in Rome aan gaan nie.
Nee daar was ook swakkes.
En hulle dink-en-leef heel anders as'ie sterkes.

***Vers 2*** sê *"hy wat swak is, eet groente."*

---

11 NGB art 25
12 Vgl Van Eck se Kol komm bl 157
13 Paulus leer'it bv ook in Kol 2:16-17 en Gal 4:8-11. Ja hulle het geweet dat al dae wat ons nou ***moet*** onderhou die ses dae werk en een dag rus is wat God by sy skeppingsorde ingestel het. En in sy 10 gebooie verorden het (Vgl Reformation Study Bible bl 1637; Beale, A NT Biblical theology bl 792).

En ***vers 5*** sê dat hulle *"die een dag bo die ander ag ..."*

*Verduidelik*[14]
En nou'sit tog belangrik om dit te sê:
As ***vers 1*** praat van die wat *"swak is in die geloof"*
dan beteken'it beslis nie dat hulle ongelowig is nie.

Nee! Hulle is gelowig.
En net soos die sterkes *in Christus* deur die geloof.

Maar hulle ***swak***-wees-in'ie-geloof beteken wel
dat hulle nog nie die geloofskennis-en-oortuiging gehad het
dat Christus nou vryheid gebring het
oor wat jy kan eet.

En dat Christus ons vry gemaak het
van'ie onderhouding van al die OT-feesdae.

Daarom sê ***vers 2*** dat hulle net groente eet.
Daarom sê ***vers 5***
dat hulle sekere dae belangriker ag as'ie ander.

* * * * *

So sien u die situasie? Hier's hierdie twee groepe.
Hulle is albei werklik gelowig. Maar daar's tog verskille.

En hoekom?
Wel omdat die swakkes nog'ie die geloofskennis-en-oortuiging het dat:

- Christus ons vryheid gee oor
  wat ons mag eet.

- En dat Christus ons bevry het
  van onderhouding van die OT-feesdae.

14 Vgl Rom 14,1&15,7.pdf

*Oorgang*
En hierdie verskil was ernstig.
Dit gaan tog oor'ie vryheid wat Christus gee.
En hierdie verskil het spanning veroorsaak.
Dit het die eenheid bedreig.

En hoe moes gelowiges in'ie Kerk in Rome
hierdie situasie nou hanteer?

**3.** Wel **deur mekaar te verdra en aan te neem**.
Dis ons derde punt.

Ons hoor daarvan as Paulus in ***vers 1*** sê:
*"En neem hom aan wat swak is in die geloof ..."*

In ***Rom 15:7*** sê Paulus vir'ie sterkes en'ie swakkes:
*"Neem ... **mekaar** aan ..."*

*Verduidelik*
En as jy aanneem laat jy tuis voel.
Iemand wat met jou verskil skuif jy nie uit nie.
Nee, jy staan by en neem saam.[15]

Want so begin die oplossing van verskille
wat eenheid bedreig.
Op geen ander manier nie.

En dan'sit nie maar net ietsie oppervlakkigs nie.
Of een of ander goeie plan uit 'n groepsdinamika-handboek nie.

Nee! In ***Rom 15:7*** sê Paulus:
*"Neem daarom mekaar aan,*

15 Vgl NIDNTT vol 3 bl 751; TDNT vol 4 bl 15; Moo se Rom komm bl 835; Jonker se Rom komm bl 180

***soos Christus ons ook aangeneem het** ...”*

*Verduidelik*[16]

So   Christus moet ons Voorbeeld wees.

Ons nuwe lewe    wanneer ons ons verskille met mekaar hanteer

moet die lewe van Christus wees.

Ons moet Christus na mekaar toe leef.

En dan moet ons mekaar aanneem

*“soos Christus ons ook aangeneem het.”*

*Skrif met Skrif*

En hoe het Christus ons aangeneem?

Wel    Hy't ons aangeneem

wat skrikwekkend anders was as Hy.

Hy was heilig.    Hy was totaal sonder sonde.[17]

**I** En ons?   Ons was so anders.

Ons was *“onverstandig, ongehoorsaam, op ‘n dwaalweg,*

*verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot;*

*ons het in boosheid en afguns gelewe;*

*ons was haatlik en het mekaar gehaat.”* vertel Tit 3:3.

En Christus? Wel   Hy het ons aangeneem.

**II** Luk 15:2 vertel    dat Christus *“sondaars ontvang (het)*

*en saam met hulle (geëet het).”*

* * * * *

16 καθωρ lei hier ‘n sin in wat my wys op die wyse waarop ons mekaar moet aanneem. Of: dit lei ‘n sin in wat my wys waarmee ons aanneem-handeling moet ooreenstem (Greek grammer beyond basics bl 675; Binnewerk bl 63; Greijdanus se Rom komm vol 2 bl623; Moo se Rom komm bl 875; Haldane se Rom komm bl 613). Ja, die norm, die manier van my aanneem-handeling word hier gegee. Ek kan dus nie maar self eiewillig gaan bedink hoe ek moet aanneem nie. Nee!! Hier word uitgestippel hoe ek dit moet doen. Christus en sy werk word die nuwe paradigma waarvolgens ek my optrede moet inrig! (vgl Ridderbos se Rom komm bl 323). O’Brien se Efes komm verduidelik bg verder op bl 351-352. Hy wys my dat καθωρ και deel is van die NT konformering-paradigma. Dit hou in dat die NT-kerk haar etiek moet laat bepaal deur wat Christus aan ons gedoen het. In ons etiek moet ons navolgers wees van dit wat Christus aan ons kom doen het ... Dit moet ek aan ander doen.

17 So vertel bv Heb 4:15 en 1Pet 2:22-23.

*Toepassing*

Nou as Christus ons
wat so skrikwekkend-sondig-anders as Hy was
aangeneem het sal ons dan nie mekaar aanneem nie?

Ja ons sal! Ons moet!
Dis hoe ons nuwe lewe in Christus lyk.

Ek neem ‘n ander gelowige
wat van my in standpunt verskil aan.
Want as ek in Christus is word Christus-se-aanneem
al meer ‘n werklikheid in my.

* * * * *

Ja die oplossing van ons probleme rondom eenheid begin by:
*“Neem daarom mekaar aan,*
*soos Christus ons ook aangeneem het”*
Soos ***Rom 15:7*** sê.
En by: *“neem hom aan wat swak is in die geloof ...”*
Soos ***Rom 14:1*** sê.

* * * * *

*Oorgang*

Maar beteken'it ons moet alles en almal altyd aanneem?
Wel nee[18] daar's grense.
En ons sien dit hier in ***Rom 14*** self.

**4.** En dis ons vierde punt:
**Die grense waarbinne ons mekaar moet aanneem.**
En hierdie grenslyne is baie belangrik.
Want sonder hierdie grense
word ons aanneem-van-mekaar 'n sondige verdraagsaamheid.

*Opmerking*

En ek dink ***Rom 14*** gee sewe grenslyne of bakens.

---

18 Vgl Calvyn, Die institusie van die Christelike Godsdiens vol 3 hfst 19 par 13

**A.** Die eerste is:

***geen veragting van God se duidelike uitsprake in sy Woord nie***.

*Verduidelik*

So as Paulus in ***vers 1*** ons oproep om mekaar aan te neem
weerspreek hy nie bv 1Kor 5:11 nie waar hy sê:
*"maar nou skryf ek aan julle*
*om nie om te gaan met iemand wat,*
*al staan hy as 'n broeder bekend,*
*'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar*
*of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie;*
*met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie."*

Nee glad nie! Hoekom nie?

*Verduidelik*[19]

Wel omdat die ruimte
waarbinne ons mekaar hier in ***Rom 14*** moet aanneem
'n ruimte is waarin Christus vrye-keuse gee.

Ons hoor'it in ***vers 2*** en ***vers 5***
waar'it gaan oor die eet van alle soorte kos
en die gelyk-agting van alle dae.
Oor hierdie sake het Christus nou in die NT keuse-vryheid gegee.

*Voorbeeld*

Ek kan byvoorbeeld ook varkvleis eet.
En ek hoef nie allerhande OT-feesdae te vier nie.
Vryhede wat die OT-Kerk nie gehad nie.

En nou'sit rondom verskille in hierdie domein van keuse-vryheid

19 Vgl Rom 14,1&15,7.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

dat ons mekaar moet aanneem en verdraagsaam wees.

*Toepassing*

So dis belangrik.

Wanneer ons oor sekere sake verdraagsaam is

moet ons seker wees

dat Christus hierdie sake in die domein van vrye-keuse geplaas het.

Dis'ie eerste grenslyn.

* * * * *

**B.** Die tweede een is:

***geen mens-uitgedinkte kerkorde nie***.

En ons leer meer hieroor in ***vers 2-4***.

In ***vers 2*** hoor ons van die swakkes

wat net groente eet.

Die sterkes moet hulle aanneem.

Sê ***vers 1***.

Maar sê nou die swakkes kry dit reg

om met meerderheid van stemme 'n kerkorde-reël te maak wat sê:

*art 1.* 'In die kerke sal daar alleen groente geëet word

en die OT-fees moet onderhou word.

Want so alleen kan ons God dien en vereer.'[20]

Wat moet die sterkes in die geloof doen?

Wel hulle kan nie hierdie kerkorde-reël aanvaar nie.

Hoekom nie?

---

20 En in Paulus se tyd het dit inderdaad ook gebeur ... onder die invloed van die Judaisme en ook die heidendom. Ons lees bv daarvan in Kol 2:16-23 en in 1Tim 4:1-5. 1Tim 4:1-3 hou beslis verband met Kol 2:16-23 (Knight se 1Tim komm bl 190; Ridderbos se 1Tim komm bl 112). Dis veral in Kol 2:16 en 23 dat mens die invlode van sowel die Judaisme en die heidendom raaksien (TDNT vol 3 bl 159, vol 8 bl 22-23; NIDNTT vol 2 bl 51, 263; Ridderbos se Kol komm bl 198; Bruce se Kol komm bl 28; ).

*Opmerking*

Kom ons gaan van ***vers 2*** af aan na ***vers 3****.*

Want daar gaan ons die antwoord begin kry.

In ***vers 2*** vertel Paulus van

*"Die een glo dat 'n mens alles mag eet,*

*maar hy wat swak is, eet groente."*

In ***vers 3*** sê hy:

*"Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie; en hy wat nie eet,*

*moet hom wat eet,* ***nie oordeel nie*** *..."*

En nou's hierdie laaste woorde baie belangrik

want dis in hierdie *nie oordeel nie*

dat ons hoor hoe die swakkes die grenslyn van

***geen mens-uitgedinkte kerkorde*** kan verbreek.

*Verduidelik*[21]

Want wat maak jy as jy oordeel?

Wel jy't 'n wet of 'n reël of 'n standaard

waarmee jy oordeel.

En as iemand dit oortree doen hy verkeerd.

En dan staan so iemand veroordeeld.

En presies dit doen die swakkes

as hulle 'n net-groente-eet-kerkorde-reël maak.

Maar nou sê Paulus in ***vers 3***: Dit mag nie.

* * * * *

En in ***vers 4*** sê Paulus hoekom nie.[22]

---

21 Vgl NIDNTT vol 2 bl 361, 364, 365; Moo se Rom komm bl 838; Lange se Rom komm bl 417; Calvyn se Rom komm bl 494; Ridderbos se Rom komm bl 304

22 Dit lyk my **vers 4** brei uit op die rede van **3c** vir waarom die ασθενουντα τη πιστει nie die ander mag veroordeel nie (Moo se Rom komm bl 839). Hy verduidelik dit verder (Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 589; Ridderbos se Rom komm bl 304). Die herhaling van κρινω in **3b** en **4a** wys my dat Paulus steeds praat met die ασθενουντα τη πιστει. Dit is immers hulle wat die κρινω handeling verrig (**3b**). Die ander ἐξουθενέω (**3a**) (vgl Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 589). Hierdie uitbreiding is na my mening 'n tweede rede waarom die ασθενουντα τη πιστει nie die ander wat alles eet mag veroordeel nie.

Want hoor wat sê Paulus in ***vers 4***.  Hy sê:
*“Wie is jy wat die huiskneg van ‘n ander oordeel?*
*Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer ...”*

*Verduidelik*
Nou  as Paulus so praat  sê hy vir die swakkes wat oordeel:[23]
‘Luister  wie dink julle is julle?
Julle sterk broeders-en-susters behoort mos nie aan julle nie?
Hulle staan mos nie in julle diens nie?
Hulle staan ook nie onder julle eet-net-groente-wet nie.’[24]

‘Nee!  Julle strek broeders-en-susters behoort aan Christus.[25]
Hy is hulle Heer.
En hulle staan alleen onder sy gebod.
En hulle *“staan of val met betrekking tot ...”* Hom alleen.'

'So  net Christus bepaal of hulle reg of verkeerd doen.[26]
Nie julle  wat swak is in die geloof  met julle eie reëls nie.’

Dis wat dit beteken as Paulus in ***vers 4*** vir die swakkes sê:
*“Wie is jy wat die huiskneg van ‘n ander oordeel?*

---

23 τις lei hier ‘n vraag in. Dit lyk vir my soos ‘n soort retoriese vraag (vgl Moo se Rom komm bl 839) Wat is die doel van die vraag? In **3c** het Paulus ‘n ‘*1ste*’ rede gegee vir nie oordeel nie. Nou, in **4a**, brei hy met hierdie retoriese vraag uit met nog ‘n rede. Met hierdie vraag sê hy eintlik dat jy jouself iets aanmatig wat jy nie is nie as jy oordeel. Jy’s verwaand (Jonker se Rom komm bl 180; Ridderbos se Rom komm bl 304-305).

24 αλλοτριον = ‘nie aan jou behorende’ of ‘wat aan ‘n ander behoort’ (Baljon bl 45; TDNT vol 1 bl 265). οικετην = ‘huisbediende’ wat baie na en intiem aan sy heer verbonde is (Baljon bl 670-671; Ridderbos se Rom komm bl 305; Lange se Rom komm bl 417). ***Dus***, ‘‘n huisbediende behorende aan ‘n ander’. ***Of:*** ‘‘n huisbediende wat nie in jou diens staan nie’. ***Gevolgtrek:*** Na my mening waarsku Paulus hier die swakkes om nie met hulle veroordeling oor die sterkes se gewetens te heers nie met hulle eie wette en standaarde nie. Hulle is immers nie die sterkes se Here nie; die sterkes staan nie in hulle diens nie en onder hulle ‘wette’ nie (Ridderbos se Rom komm bl 305; Lange se Rom komm bl 417; Calvyn se Rom komm bl 494-495).

25 Na wie verwys κυριω hier? In die direkte konteks verwys dit sekerlik na αλλοτριον van **4a.** Met ander woorde na die regte heer/baas van die huisbediende (Lange se Rom komm bl 417; Moo se Rom komm bl 840). Ten diepste is dit egter Christus wat Here is – vgl **vers 9** (Lange se Rom komm bl 417; Ridderbos se Rom komm bl 305).

26 στηκει het die betekenis van ‘hy staan’ (Baljon bl 908). πιπτει het die betekenis van ‘hy val’ (Baljon bl 777). Wat hierdie kombinasie van wwde sê is: oor elkeen wat deur God aangeneem is het God/die Here die oordeel wat betref sy staan of val. Hierdie staan of val hou in om in guns/in reg (staan) of in onguns/in skuld (val) by sy eie heer is ... En nie iemand anders in die volk van God nie. En verder: elkeen is dan ook alleen verantwoordelik aan sy Here en nie aan mekaar nie (TDNT vol 6 bl 165, vol 7 bl 638, 649; Moo se Rom komm bl 840-841; Lange se Rom komm bl 417). ***Dus:*** Die ασθενουντα τη πιστει was besig om die ander wat alles eet te veroordeel ... te verklaar dat hulle voor God skuldig is. Paulus sê hier dat dit verwaand is ... want net God sal bepaal of hulle skuldig is of nie. Hulle verwaandheid lê dus daarin dat hulle hul in die plek van God stel en hulle eie reels stel en heers ... Dit is erg!! (Ridderbos se Rom komm bl 305; Moo se Rom komm bl 841; Calvyn se Rom komm bl 495).

*Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer ...”*

*Verduidelik*[27]

En net hier's ons by ‘n belangrike waarheid.

Want wat die swakkes in die geloof doen

wanneer hulle ***oordeel*** volgens hulle eie ‘net-groente-eet-wet’

is om in die plek van Christus te gaan staan.

*Bewys*

Daarom dat Paulus in ***vers 4*** sê:

*“Wie is jy wat die huiskneg van ‘n ander*

*(maw van Christus) oordeel?”*

En by dit alles het hulle hul ‘net-groente-eet-wet’ gestel

in die plek van Christus se wet van

‘julle is nou na my verlossingswerk vry om alles te eet’.

En dit mag nooit!

Daar waar Christus vryheid gee

mag ons nooit wette maak nie.

*Bewys*[28]

Paulus leer'it bv in in Kol 2:16 en Gal 5:1.

Daarom dat ons ook in art 32 van ons NGB bely

dat ons *“... alle menslike versindsels en alle wette*

*wat mense sou wil invoer om God te dien ... verwerp.”*

* * * * *

So dis'ie tweede grens-lyn of baken:

***geen mens-uitgedinkte kerkorde of wet nie***.

27 Vgl Calvyn se Rom komm bl 495; Wilson se Rom komm bl 220; Ridderbos se Rom komm bl 305; Moo se Rom komm bl 841

28 Vgl NIDNTT vol 1 bl 719,722; Luther, De Vrijheid van een chriten, In: Luthers werken, bl 162-163, 165, 167-168; Calvyn se Kol komm bl 199-204; Calvyn, Institusie van die Christelike Godsdiens, boek 3, hfst 19, par 14; reformation study Bible bl 1731

Maar solank hierdie grens nie verbreek word nie
moet ons mekaar regtig aanneem in die domein
waar Christus vryheid van keuse gee
en vryheid van OT-seremoniële wette gee.

* * * * *

**C.** Kom ons kyk nou na die derde grenslyn.
Dit is: ***geen Godsdiens gebaseer op ons gevoel nie***.
Ook nie hier waar Christus keuse-vryheid gee nie.

En ons hoor'it in die laaste deel van ***vers 5*** waar Paulus sê:
*"Die een ag die een dag bo die ander,*
*die ander ag al die dae gelyk.*
***Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees****."*

*Verduidelik*
Want *oortuig wees* in my eie gemoed
het net mooi niks te doen met 'n Godsdiens
gebaseer op ***my gevoel*** nie.[29]

So die swakkes is ***nie*** ten volle oortuig as hulle sê:
'jong dit ***voel*** darem maar net nie reg
om so alles te eet nie.'

Hoekom nie? Wel omdat Paulus deur die Gees so leer.

*Verduidelik*
Bv in ***vers 23***.[30]
As u wil kan u u Bybels daar oop maak.
Kyk Paulus sê daar:
*"hy wat* ***twyfel*** *as hy eet, is veroordeel,*
*omdat dit* ***nie uit die geloof is nie****."*

---

29 Vgl Ridderbos se Rom komm bl 306, 307; Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 593; Wilson se Rom komm bl 221; Haldane se Rom komm bl 597; Calvyn se Rom komm bl 497-498
30 Vgl Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 592

En nou'sit belangrik om raak te sien
dat as jy twyfel oor of iets reg is
jy twyfel omdat jy nie *uit die geloof* optree nie.

Aan die anderkant: As jy seker[31] is
of as jy ten volle oortuig is
dan'sit nie omdat jy so ***voel*** nie.

Nee! In ***vers 23*** leer Paulus
dat jy ten volle oortuig raak ***uit die geloof***.

* * * * *

Hoekom? Wel omdat die Heilige Gees ons deur die geloof
aan Christus bind.[32]
En by Christus leer ons wat Christus se wil is.

*Bewys*
Christus self sê dit vir ons in Mat 11:28-29.
Hy roep ons en dan sê Hy:
*"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is,*
*en Ek sal julle rus gee.*
*Neem my juk op julle* ***en leer van My*** *..."*

Sien u dit? Wanneer ons deur die geloof by Christus kom
leer ons ook by Hom.

Ja by Christus neem ons toe in geloofskennis.
En dis uit hierdie geloofskennis dat daar oortuiging kom.
Ja geloofskennis wat ons by Christus kry
vat twyfel weg en laat my leef met geloofs***oortuiging***.

* * * * *

31 Πληροφορεισθω – praes imperat med/pas 3de ev van πληροφορέω met die betekenis van 'laat elkeen oortuig wees/ word' of 'ten volle oortuig wees' of 'vas oortuig wees' of 'ten volle verseker'. Dit is die teenoorgestelde van twyfel (Baljon bl 788-789; Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 592; Jonker se Rom komm bl 75)

32 Paulus leer daaroor in Rom 6.

*Toepassing*

So  wanneer Paulus in ***vers 5*** sê:

*“Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees”*

dan sê ook:

‘Gaan doen baie ernstige selfondersoek.’

**I** Want  hoekom  swakkes in die geloof  eet julle net groente?

Omdat julle so voel?

Of omdat julle uit die geloof oortuig is?

**II** En julle sterkes?  Hoekom eet julle alles?

Is’it omdat dit vir julle reg voel?

Of is julle waarlik uit die geloof oortuig?

En dis so ontsaglik belangrik.

Want as ek ten volle oortuig word ***uit my gevoel***

en nie ***uit die geloof***

sal my broeder op hierdie punt nie vrede met my kan hê nie.

Hy mag nie.

Want in die ware Godsdiens mag ***ek*** en ***my*** gevoel

nie in die middelpunt staan nie.

Ook nie waar Christus keuse-vryheid gee nie.

Nee, alleen God en sy Christus moet in die middelpunt staan.

* * * * *

**D.** En net hier'sie vierde grenslyn:

***Die eer van die God alleen***.

Ons hoor daarvan as ons van ***vers 5*** af

aangaan na ***vers 6***.[33]

Want kyk wat sê Paulus in ***vers 6***:

*“Hy wat die dag waarneem,*

*(behoort) dit waar (te) neem* ***tot eer van die Here*** *…*

33 Vgl Wilson se Rom komm bl 221; Haldane se Rom komm bl 597; Jonker se Rom komm bl 181

Of meer letterlik: vir die Here[34]...

*en hy wat die dag nie waarneem nie,*

*(behoort) dit nie waar (te) neem nie* ***vir die Here****;*

*en wie eet, (behoort te) eet* ***vir die Here*** *...*

*en wie nie eet nie, (behoort nie te) eet nie* ***vir die Here*** *...”*

Sien u Wie moet in die middelpunt staan

as die swakkes en die sterkes besluit oor *kos* en *dae*?

Is'it ***ek*** en hoe ek ***voel***?

Nee! ***Vers 6*** praat van ***vir die Here***.

Of: in diens van die Here.[35]

Of: tot eer van die Here Jesus Christus.[36]

So sien u?

In die swakkes en die sterkes se besluite in'ie domein

van vrye-keuse mag'it nie gaan

oor ***ek*** en hoe ***ek voel*** nie.

***Ek*** is nie die maatstaf nie.

Nee! Net die ***Here Christus*** en sy eer is.

* * * * *

Ons sien'it nog duideliker

as ons van ***vers 6*** na ***vers 7-8*** gaan waar Paulus sê:

*“Want niemand van ons leef* ***vir homself*** *nie*

*en niemand sterf* ***vir homself*** *nie.*

*Want as ons lewe, leef ons* ***vir die Here****;*

*en as ons sterwe, sterf ons* ***vir die Here*** *...”*

---

34 κυριω – Ek meen, vanuit die konteks, dat die datief hier (en in **6b, 6c en 6e**) ‘n datief van bevoordeelde Persoon is (Greek grammer beyond basics bl 142-143, Moo se Rom komm bl 843 voetnoot 78). ***Dus:*** ‘vir die Here’ of ‘tot eer van die Here’ (Moo se Rom komm bl 843; Ridderbos se Rom komm bl 307).

35 Vgl ook NIDNTT vol 2 bl 514

36 Na wie verwys κύριος (Here) hier? Die gebruik van κύριος loop deur **vers 7-8** na **vers 9** waar van χριστος melding gemaak word. ***Dus,*** in die konteks verswys κύριος hier na Christus (vgl Moo se Rom komm bl 843 voetnoot 78).

Ja   so moet dit wees.

*Verduidelik*

Ons hele lewe moet al meer Christusgesentreerd word.

In my hele lewe moet alles vir my gaan om:

Vir die Here   vir Christus   en tot sy eer.[37]

En nie ***ek*** en my ***gevoel*** nie.

* * * * *

**E.** En hoekom?   Wel omdat[38] dit vir ons moet gaan

om die eer van God en Christus.

En omdat die laaste deel van **vers 8** sê:

"*of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort*[39] *aan die Here."*

*Verduidelik*[40]

En as ons aan die Here behoort

beteken'it Hy's ons Koning.

En ons is sy onderdane

wat Hy verlos het uit die slawerny van Satan en Sonde.

En dis ons vyfde grenslyn:

***Die Koningskap van Christus alleen***.

*Saamvat*

Ja   ons verdraagsaamheid waar Christus keuse-vryheid gee

het die grense van:

---

37 Ek het reeds by **vers 6** gelsien dat die datief van τω κυριω 'n datief van bevoordeelde persoon is. Wat ek verder leer vanuit die betekenis van κύριος is dat Christus as κύριος totale gesag oor my ganse lewe het (NIDNTT vol 2 bl 508; Calvyn se Rom komm bl 499). Daarom het εαν τε γαρ ζωμεν τω κυριω ζωμεν εαν τε αποθνησκωμεν τω κυριω αποθνησκομεν (**8a-d**) ook die betekenis dat my totale lewe, ja, net mooi alles van my lewe, nie in diens van my self staan nie, maar, met die erkenning dat Christus my Here is, onderwerp ek my aan Hom en dien ek Hom met my hele lewe (NIDNTT vol 2 bl 514). Dit moet dan ook bepaal wat ek eet en watter dae ek hou ens. Vgl ook Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 594; Moo se Rom komm bl 844

38 εαν τε ουν ζωμεν ... Met ουν word **8a-d** saamgevat (Greek grammer beyons basics bl 673; Moo se Rom komm bl 844). Tog word nou gesê dat ons *aan die Here behoort* – του κυριου εσμεν. Tevore is gesê dat ons *vir die Here lewe en sterwe*. Is dit dat ek nou gevolgtrekkend (Greek grammer beyons basics bl 673) uit die feit dat ons vir die Here lewe en sterwe ook moet sê dat ons daarom aan die Here behoort? Ja! Wanneer ons vir Hom lewe behoort ons ook aan Hom ... Of anders gestel: Omdat ons aan Hom behoort leef en sterf ons ook vir Hom – vgl **Sondag 1 v/a 1** (vgl ook Moo se Rom komm bl 844; Greijdanus se Rom kommvol 2 bl 595-596; Jonker se Rom komm bl 181).

39 εσμεν + gen wys dat ons aan die Here behoort. Ons is sy eiendom (Baljon bl 273; Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 595).

40 Vgl NIDNTT vol 3 bl 589, 596, 597

- Geen veragting van God se duidelike Skrif-uitsprake nie.
  ***Vers 2-5*** lei ons om'it raak te sien.

- Geen mens-uitgedinkte kerkorde nie – ***vers 2-4***

- Geen Godsdiens gebaseer op gevoel nie – ***vers 5***

- Die eer van God alleen – ***vers 6-8***

- En die Koningskap van Christus alleen.

Ja dis'ie 5de grenslyn.
Ons hoor daarvan in ***vers 8*** waar Paulus sê:
*"of ons dan lewe en of ons sterwe,*
*ons behoort aan die Here."*

Ja Christus het ons uit Sonde-en-Satan se slawerny bevry
om aan Hom alleen te behoort en Hom alleen te dien.[41]

En dis so ontsaglik belangrik:
Hierdie feit van Christus se Koningskap.

Ons sien'it as ons van ***vers 8*** af aan beweeg na ***vers 9***
waar Paulus sê:
*"Want hiervoor (of: vir hierdie doel[42]) het Christus ook gesterwe*
*en opgestaan en weer lewend geword,*
*om oor dode sowel as lewende te heers (of: hulle Here te wees[43])."*

---

41 Wanneer ek dan as dienskneg aan die Here behoort, beteken τω κυριω om totaal lojaal te wees, aan die Here onderworpe, gehoorsaam, verantwoordelik aan Hom, Ek moet vra: Wat is U wil Here? Op lg lê Calvyn se Komm bl 499 baie klem – Wanneer ek aan die Here behoort en vir Hom moet lewe as sy dienskneg ... dan moet ek Hom ook die soos Hy beveel. Sy Woord moet die standaard wees vir my lewe vir Hom. Dit bring my by die waarheid van **Sondag 33 v/a 91** (NIDNTT vol 3 bl 596; Haldane se Rom komm bl 599; Calvyn se Rom komm bl 499; Berkhof, Systematic theology, bl 583)

42 εις τουτο - εις is hier doelaanduidend. Dit wys op die doel van Christus se sterwe opstanding en lewe (Greek grammer beyond basics bl 369).

43 κυριευση het die betekenis van 'Hy as Koning/Here kan heers'. Of: 'Hy Here kan wees' (Baljon bl 546; TDNT vol 3 bl 1097; NIDNTT vol 2 bl 510,518).

*Verduidelik*[44]

Ja, dit was die groot groot doel van Christus se verlossingswerk.

Hy dit gedoen om ons Here te wees.

Ons Koning.[45] Ook waar Hy keuse-vryheid gee.

En dan'sit asof Paulus hierdie belangrikheid

van Christus se koningskap net nog verder beklemtoon

as ons van ***vers 9*** af aangaan na ***vers 10-12*** waar hy sê:[46]

*"Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word.*

*Want daar is geskrywe:*

*So waaragtig as Ek leef, sê die Here,*

*voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely ..."*

* * * * *

*Oorgang*

Dis die eerste vyf grenslyne vir'ie aanneem van mekaar

daar waar Christus keuse-vryheid gee.

- Geen veragting van God se duidelike Skrif-uitsprake nie.
- Geen mens-uitgedinkte kerkorde
- Geen Godsdiens gebaseer op gevoel nie
- Die eer van God alleen
- Die Koningskap van Christus in alles

En hierdie eerste vyf grenslyne kry ons in ***vers 1-12***.

**F.** Die sesde een kry ons in ***vers 13-21***.

En hierdie grenslyn gaan oor'***ie regte gebruik***

***van ons keuse-vryheid***.

Paulus begin daaroor praat as hy in ***vers 13*** sê:

*"besluit dít liewer,*

*om nie die broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie."*

---

44 εις τουτο γαρ – γαρ lei hier 'n sin in wat vir my wys op die rede waarom ons vir die Here leef en aan Hom behoort – en my ten-volle-oortuig-wees darom totaal Christus-gesentreerd moet wees (vgl ook Greidanus se Rom komm bl 596; Wilson se Rom komm bl 222).

45 Vgl Sondag b13 v/a 34

46 Vgl Rom 14,10-12.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

*Verduidelik*[47]

En dan's hierdie *struikelblok* of *hindernis* iets
wat skade maak in jou verhouding met die HERE.
Dis iets wat die vaste vertroue van jou geloof los skud
en jou laat twyfel.

En dan praat Paulus spesifiek met die sterkes in Rome.[48]
Maar nou'sie vraag:
Hoe gaan hulle vir hulle swak-broeder-en-suster 'n struikelblok wees?

*Verduidelik*

Wel   dit gaan gebeur
wanneer die sterkes self nog swak is
wanneer dit kom by die regte gebruik van die keuse-vryheid
wat Christus gee.

Want hulle moet altyd onthou
dat Christus ons in die eerste plek bevry het
uit die slawerny van Sonde-en-Satan.[49]

Christus het ons kom bevry
van 'n slawe-lewe van haat en self-gesentreerdheid.[50]

*Skrif met Skrif*

Paulus sê bv in Kol 1:13
dat God deur Christus *"ons verlos het*
*uit die mag van die duisternis*
*en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde."*

---

47 πρόσκομμα het die betekenis van ''n aanstoot'/ 'struikelblok'/ 'oortreding'/ hindernis in die geloofsuitlewing/ geestelike verwoesting (Baljon bl 834-835; NIDNTT vol 2 bl 705; TDNT vol 6 bl 747). Dis iets wat my broeder in sy geloof en uitlewing van geloof skok, hinder en aan die wankel bring ... laat sondig en selfs heeltemal kan verwoes en laat verlore gaan – TDNT vol 6 bl 753 voetnoot 51 wys daarop dat πρόσκομμα en ἀπόλλυμι (**15c**) sinoniem is. Dis 'n verkragting van sy gewete (Baljon bl 834-835; NIDNTT vol 2 bl 706; Ridderbos, Paulus, bl 327).

48 Vgl ook Moo se Rom komm bl 850-851; TDNT vol 3 bl 797, vol 4 bl 66-67; Wilson se Rom komm bl 224; Rom 14,1-12-struktuur.docx.

49 Vgl Sondag 13

50 Vgl Sondag 2

En dan verlos Christus ons so
dat ons in sy Koninkryk radikaal vry begin leef.[51]

*Verduidelik*

- Vry van die slawerny van Sonde-en-Satan
  *"wandel jy ... volgens die liefde".*
  Dit waaroor Paulus praat in ***Rom 14:15***.

- Vry van die slawerny van Sonde-en-Satan
  gee Christus aan ons die fokus van ***vers 17*** waar hy sê:
  *"die koninkryk van God is nie spys en drank nie,*
  *maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees."*

- En vry van die slawerny van Sonde-en-Satan
  beywer ons ons vir nuwe dinge.
  Paulus praat daaroor as hy in ***vers 19*** sê:
  *"Laat ons dan najaag*
  *wat tot vrede en onderlinge stigting dien."*

* * * * *

En dan?
Wel dan word ons keuse-vryheid gerig deur selfopofferende liefde
en geregtigheid en vrede en blydskap en onderlinge stigting.

*Verduidelik*
Dan sal die sterkes byvoorbeeld hulle keuse-vryheid
wanneer hulle saam met hulle swak broeders-en-susters is
gebruik om net groente te eet
en so opbou in plaas van afbreek
so opbou in plaas van 'n struikelblok wees.

Paulus praat daaroor as hy in ***vers 20-21*** sê:
*"Alles is wel rein,*

51 Vgl Rom 6

*maar dit is verkeerd vir ‘n mens*
*om te eet as dit tot aanstoot is.*

*Dit is goed om geen vleis te eet*
*of wyn te drink of iets te doen*
*waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel,*
*of waarin hy swak is nie.”*

* * * * *

**G.** Maar nooit ooit mag daar gewetensdwang wees nie.
Die sterkes moet dit doen vanuit keuse-vryheid.
En dis ons sewende grenslyn of baken:
***Geen gewetensdwang nie***.

En hieroor praat Paulus as hy in ***vers 22*** sê:
*“Het jy geloof?*
*Behou dit vir jouself voor die aangesig van God.”*

En as Paulus praat van:
*Behou dit (hierdie geloofsoortuiging*
*dat ons in Christus vry is om enige kos te kan eet)*
*vir jouself voor die aangesig van God*
dan sê hierdie woorde ***ook***:
'Onthou: julle moet altyd vry ***bly***.'

*Verduidelik*[52]
Daarom dat Paulus praat van:
*“**Behou** (jou geloof) vir jouself ...”*
Moet dit nooit loslaat nie.[53]

So met ***vers 22*** sê Paulus
dat terwyl die sterkes hulle keuse-vryheid so moet uitleef
dat hulle nie vir hul swakker broeders-&-susters 'n struikelblok is nie

52 Vgl Wilson se Rom komm bl 228; Jonker se Rom komm bl 185
53 Ja *“Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het ...”* Sê Paulus in Gal 5:1.

hulle nooit moet vergeet
dat hulle in Christus keuse-vrheiheid het
om alles te eet nie.[54]

So as hulle besluit om net groente te eet
dan moet hulle dit doen vanuit hulle ***keuse-vryheid***.
En ***nie*** omdat hulle gedwing word
deur een of ander kerkorde-reël van die swakkes nie.

In so 'n situasie mag die sterkes nie toegee nie.
Dan moet hulle hul geloof
dat Christus ons in sekere sake keuse-vryheid gee
*"**Behou** ... voor die aangesig van God."*[55]

*****

En dis wat Paulus ons hier in ***vers 22*** leer.
***Geen gewetensdwang nie***.
Nee, leef vanuit die geloofsoortuiging van keuse-vryheid
wat Christus vir my gee.[56]

*****

En presies dit leer Paulus ook in ***vers 23***.
So bietjie uit 'n ander hoek.
Maar dit gaan steeds oor'ie selfde saak van
***Geen gewetensdwang nie***.

Want kyk wat sê Paulus in ***vers 23***. Hy sê:
*"Maar hy wat twyfel as hy eet*
*(of hy wat die heeltyd onseker is of hy reg doen*
*as hy bv vleis eet*[57]*), is veroordeel,*

---

54 Vgl Haldane se Rom komm bl 607; Calvyn se rom komm bl 510-511; TDNT vol 7 bl 915
55 Vgl Calvyn se Gal komm bl 147; Luther, De Vrijheid van een christen, bl 162-163, 167-168; Wilson se Rom komm bl 220.
56 Vgl Ridderbos se Rom komm bl 317
57 ο διακρινομενος het die betekenis van 'hy wat met homself in stryd is' of 'hy wat twyfel' of 'hy wat heeltyd wonder of dit wat hy doen reg is – dan's hy by die een standpunt dan weer by die ander sonder om sekerheid te hê (Baljon bl 218; TDNT vol 3 bl 947). Hierdie twyfel staan direk teenoor die vaste oortuiging wat voortvloei vanuit die kennis van ware geloof wat ek in verbondenheid met Christus by Christus leer ... Dus: twyfel en ongeloof ... of twyfel en 'n lewe nie-vanuit-die-geloof-nie gaan saam (TDNT vol 3 bl 948; Moo se Rom komm bl 862, voetnoot 82).

*omdat dit nie uit die geloof is nie;*

***en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde**."*

Ja *alles wat nie uit die geloof is nie,* ***is sonde**.*

*Verduidelik*[58]
Hoekom? Wel omdat ek dan nie meer leef
*vanuit die geloofsoortuiging wat Christus vir my gee nie.*

*Voorbeeld*[59]
En vir die swakker broeders-&-susters in Rome gaan'it gebeur
wanneer hulle sterker broeders-en-susters
hulle op een of ander manier dwing
om bv spek en oesters te eet
terwyl hulle dit nog nie
vanuit geloofskennis en oortuiging kan doen nie.

En dis wat Paulus ons hier in ***vers 23*** leer.
***Geen gewetensdwang nie***.
Nee, leef *vanuit die geloofsoortuiging wat Christus vir my gee.*

**5.** Geliefdes kom ons sluit af **en dan pas ons ook so bietjie toe**.
Ek dink die baie groot saak hier in ***Rom 14***
is dat ons mekaar moet aanneem.

En dit moet ons doen
soos Christus ons ook aangeneem het.
Dis'ie groot en wonderlike opdrag in ***Rom 14***.

58 Vgl Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 615; Ridderbos se Rom komm bl 318; Jonker se Rom komm bl 186; Haldane se Rom bl 608; Calvyn se Rom komm bl 513; TDNT vol 3 bl 948
59 Vgl Ridderbos, Paulus bl 322; Haldane se Rom komm bl 608

En wat is die grense waarbinne ons dit doen?

**I** Wel ons aanneem-van-mekaar moet gebeur
waar Christus keuse-vryheid gee.
En nie waar volhardende veragting
van God se duidelike Skrif-uitsprake plaasvind nie.

Dis'ie eerste grenslyn

**II** Die tweede een is dat waar Christus keuse-vryheid gee
ons geen mens-uitgedinkte kerkorde mag maak
wat ons dan as ware Godsdiens op mense af-forseer nie.

**III** Die derde vierde en vyfde grenslyn sê
dat ook daar waar Christus keuse-vryheid gee

- ons Godsdiens nooit gebaseer mag wees op gevoel nie
- Die eer van God altyd voorop moet staan
- En die Koningskap van Christus in alles moet geld.

**IV** Die sesde grens lyn gaan
oor'ie regte gebruik van ons keuse-vryheid.
Ons keuses moet altyd gerig word
deur selfopofferende liefde
en geregtigheid en vrede en blydskap
en onderlinge stigting.

**V** En nooit mag daar gewetensdwang wees nie.

* * * * *

So nou'sie vraag:
Wat sê dit alles vir die issue oor vrouens in die ouderling-amp?
En ek sal graag wil hoor wat sê julle?

Wat myself aangaan, meen ek
dat die eerste grenslyn baie belangrik is.

Wanneer die beginsels wat ons in ***Rom 14*** leer
wil toepas op die vrou-in-die-ouderlingamp-saak(sage?)
moet ons voor die HERE seker wees
dat dit 'n saak is waarin Christus self keuse-vryheid gee.

Ons moet dus seker wees
dat dit Christus se wil is
dat Hy sy Kerk deur ouderlinge wil regeer,
maar dat Hy dan keuse-vryheid gee
oor of 'n ouderling 'n vrou of in man is.

Ja, hieroor moet ons seker wees.

As dit so is
moet ons dan ook die res van ***Rom 14*** se beginsels
of grenslyne toepas.

Dit sal byvoorbeeld inhou dat Kerke besluit
dat vrouens wel ouderlinge mag wees,
maar dat elke plaaslike Kerk hulle eie situasie in ag moet neem.

'n Plaaslike Kerk sal dan byvoorbeeld nie vroue ouderlinge hê nie,
alhoewel hulle die vryheid het,
omdat daar nog broeders en susters is
wat nog nie die geloofskennis en geloofsoortuiging het
dat Christus ons in hierdie saak keuse-vryheid gee nie.

Aan die anderkant,
en hiervan is ek regtig op grond van die Skrif oortuig:
As Christus beveel dat net mans ouderlinge moet wees –
vgl bv 1Tim 2:11-14 en 1Timm 3:4-5
ingebed in die groot Openbaringshistoriese lyn
van skeppingsorde en orde-herstel in Christus –

dan sê die eerste grenslyn
wat ons vanuit ***Rom 14:2*** en ***vers 5*** kry
dat ons in selfopofferende liefde
en met die fokus op geregtigheid en blydskap en vrede
en onderlinge stigting duidelik moet sê: Nee.

Ons kan nie. Christus is Koning God se eer vereis dit,
en ons Godsdiens kan nie ingerig wees
op hoe ons voel nie.

Daarom: Nee. Vroue kan nie ouderlinge wees nie.